Openbaring – Die Briewe

Rev 1:3 Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.

MaartensPRO

Johannes se Visioen

- 7 Goue Kandelaars
  - Rev 1:12 Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars
  - Rev 1:13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met ‘n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met ‘n goue gordel
- 7 Sterre
  - Rev 1:16 En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en ‘n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag
- Verduideliking
  - Rev 1:20 die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Briewe aan die 7 Gemeentes

- Éfese
- Smirna
- Pérgamus
- Thiatíre
- Sardis
- Filadelfía
- Laodicéa

MaartensPRO

Éfese

- Éfese was die belangrikste Romeinse stad is Asiê en dit was ‘n hawestad. Dit is nou 8km van die see af
- Daar was ongeveer 250 000 mense in die vooruitstrewende stad en dit is nou meestal ‘n opelug museum
- Die kerk in Éfese was deur Paul begin. Hy het toe vir Priscilla en Aquila daar gelos
  - Act 18:18 En nadat Paulus nog verskeie dae daar gebly het, het hy van die broeders afskeid geneem en na Sírië uitgeseil, en saam met hom Priscílla en Aquila. En in Kenchréë het hy sy hoof geskeer, want hy het ‘n gelofte gedoen.
  - Act 18:19 En hy het in Éfese aangekom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek.

MaartensPRO

Apollos in Éfese

- Toe daag daar Apollos op wat die mense begin leer het van die Here, maar hy het nog nie geweet van die doop nie – nie die doop na bekering nie en ook nie die doping met die Heilige Gees nie
  - Act 18:24 En ‘n sekere Jood met die naam van Apollos, wat in Alexandríë gebore was, ‘n welsprekende man, het in Éfese aangekom; en hy was magtig in die Skrifte.
  - Act 18:25 Hy het onderrig ontvang in die weg van die Here; en vurig van gees, het hy gespreek en die dinge aangaande die Here noukeurig geleer, alhoewel hy net van die doop van Johannes geweet het
- Apollos het nogal indruk gemaak
  - **Cor 3:4** Want as die een sê: Ek is van Paulus; en die ander: Ek van Apollos—is julle nie vleeslik nie?

MaartensPRO

Aquila en Priscilla in Éfese

- Aquila en Priscilla het Apollos toe ingeneem en hom verduidelik hoe die dinge van die Here werk
  - Act 18:26 En hy het vrymoediglik in die sinagoge begin spreek; maar nadat Aquila en Priscílla hom gehoor het, het hulle hom by hulle geneem en hom noukeuriger die weg van God uitgelê.
- Apollos wou toe deursteek Achaje toe waar hy die tot geweldige nut vir die Christene was
  - Act 18:27 En toe hy wou deurgaan na Acháje, het die broeders hom aangemoedig en aan die dissipels geskrywe om hom te ontvang. En daar aangekom, was hy deur die genade die gelowiges tot veel nut;
  - Act 18:28 want hy het die Jode kragtig in die openbaar weerlê en deur die Skrifte bewys dat Jesus die Christus is.

MaartensPRO

Paulus weer in Éfese

- Nadat Apolos weg is, het Paulus teruggekom Éfese toe en gevind dat daar mense was wat met Johannes se doop gedoop was en dat hulle nog nie die Heilige Gees gekry het nie (Hand 19:1-7)
- Paulus het 3 maande in die kerk probeer om die mense van die koninkryk te leer, maar die mense het aanhou sleg praat van die Weg
  - Act 19:8 En hy het in die sinagoge ingegaan en vrymoediglik drie maande lank met hulle geredeneer en hulle probeer oortuig van die dinge wat die koninkryk van God aangaan.
- Toe die mense in die kerk net aanhou sleg praat van die Evangelie, het Paulus die dissipels eenkant geneem en hulle 2 jaar lank onderrig
  - Act 19:9 Maar toe sommige hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadspreek van die Weg, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van ‘n sekere Tiránnus samesprekinge gehou.

MaartensPRO

Die Opstand in Éfese

- Demétrius, ‘n silwersmid het beelde gemaak van die godinArtemis (Diana) – Diana = Ἄρτεμις = Artemis Diana was ‘n Asiatiese godin en Artemis die Griekse een
- Petrus het gepreek teen die maak van beelde en Demétrius het mense opgesteek om hulle inkomstes te beveilig (Hand 19:23-31)
  - Act 19:24 Want iemand met die naam van Demétrius, ‘n silwersmid, maker van silwertempeltjies van Diana, het ‘n aansienlike verdienste aan die ambagsmanne verskaf.
  - Act 19:25 En toe hy hulle en die werkers in daardie soort bedrywe bymekaargeroep het, sê hy: Manne, julle weet dat ons welvaart uit hierdie verdienste is,
  - Act 19:26 en julle sien en hoor dat nie alleen in Éfese nie, maar byna in die hele Asië, hierdie Paulus ‘n aansienlike skare oorgehaal en afvallig gemaak het deur te sê dat dit geen gode is wat met hande gemaak word nie.

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Die Opstand in Éfese (vervolg)

- Demétrius maak toe asof die volk se heldin in gevaar is
  - Act 19:27 Nou is daar nie alleen gevaar dat hierdie vak van ons in veragting kom nie, maar ook dat die tempel van die groot godin Diana as niks gereken word, en dat haar majesteit wat die hele Asië, ja, die wêreld, vereer, ook tot niet sal gaan.
  - Act 19:28 En toe hulle dit hoor, is hulle met woede vervul en het geskreeu en gesê: Groot is die Diana van die Efésiërs!
- Toe raak die hele stad in oproer
  - Act 19:29 Daarop raak die hele stad heeltemal in verwarring, en hulle storm soos een man na die skouburg en sleep Gajus en Aristárchus saam, Macedóniërs wat reisgenote van Paulus was.
- Paulus wou gaan red maar sy dissipels het gedink die gevaar is te groot (Hand 19:30-31)

MaartensPRO

Die Opstand in Éfese (vervolg)

- Gelukkig het die stadsklerk toe die ding tot bedaring gebring
- Eers paai hy die mense
  - Act 19:35 Maar die stadsklerk het die skare tot bedaring gebring en gesê: Efésiërs, watter mens is daar tog wat nie weet dat die stad van die Efésiërs die tempelbewaarder is van die groot godin Diana en van die beeld wat uit die hemel geval het nie?
  - Act 19:36 Terwyl dit dan nie weerspreek kan word nie, behoort julle rustig te wees en niks onbedags te doen nie.
- Toe verdedig hy die dissipels
  - Act 19:37 Want julle het hierdie manne gebring, wat geen tempelrowers is nie en ook nie julle godin laster nie.

MaartensPRO

Die Opstand in Éfese (vervolg)

- Hy gee vir hulle die regte stappe om te volg
  - Act 19:38 As Demétrius en sy ambagsmanne dan ‘n saak teen iemand het, die hofsittings word gehou, en daar is regters: laat hulle mekaar aanklaag.
  - Act 19:39 Maar as julle nog iets anders verlang, dit sal in die wettige vergadering beslis word.
- Daarna waarsku hy hulle
  - Act 19:40 Want ons loop gevaar om oor die oproer van vandag aangeklaag te word, aangesien daar geen grond is waarop ons sal kan rekenskap gee van hierdie oploop nie.
  - Act 19:41 (19:40) En met hierdie woorde het hy die vergadering ontbind.

MaartensPRO

Brief aan Éfese

- Jesus stel Homself bekend aan die gemeente
  - Rev 2:1 Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:
- Goeie Punte
  - Rev 2:2 Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;
  - Rev 2:3 en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.
- Slegte Punte
  - Rev 2:4 Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het
- Waarskuwing
  - Rev 2:5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Gevolge

- Éfese was ‘n vooruitstrewende stad in die tyd van Alexander die Grote
- Toe Alexander dood is, het een van sy generaals, Lysimakhos, oor die stad regeer in 287 BC.
- Lysimakhos besluit toe om die stad te verskuif verder wes as gevolg van die feit dat die hawe toegeslik het.
- Die plek is toe "Arsinoeina“ genoem na sy vrou.
- Mert die dood van Lysimakhos is die stad weer hernoem na Éfese
- In 269 is Éfese totaal vernietig deur die Germane

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Éfese

Artemis

Opelug Museum

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Brief aan Smirna

- Die Here ken die omstandighede
  - Rev 2:9 Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en (Ek ken) die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan
- Die Here se bemoediging en waarskuwing
  - Rev 2:10 Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

MaartensPRO

Gevolge vir Smirna

- Griekse Ortodokse Christene was vervolg:
  - Eers deur 1000%! belasting te betaal
  - Toe in die see in gejaag om te verdrink
- In September 1922, Mustapha Kemal (Ataturk) het ‘n revolusionêre leier van Turkye sy troepe in Smirna (nou Izmir) ingelei. Smirna was hoofsaaklik ‘n Christen stad. 27 Gealieerde oorlogskepe het toegekyk
- Die Turke het geplunder, geroof en verkrag terwyl die westerse wêreld toegekyk het weens hulle belange in die land se olie
- Die stad is totaal verwoes in 1923

MaartensPRO

Smyrna

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Brief aan Pérgamus

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Brief aan Thiatíre

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Brief aan Sardis

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Brief aan Filadelfía

http://webpulpit.maartenspro.com

MaartensPRO

Brief aan Laodicéa

http://webpulpit.maartenspro.com


MaartensPRO
http://webpulpit.maartenspro.com